Wes-Kaapse Regering

Weskaap Onderwysdepartement
Kurrikulum (VOO)

# REKENINGKUNDE
## HERSIENING 2025

# Graad 12
## Kwartaal 3 Aktiwiteite

**Kwartaal 3-onderwerpe:**

- **Begrotings**
- **BTW**

***(Versoenings en Vaste Bates is in Kwartaal 2 hersiening ingesluit)***

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die 3de kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit bied jou ook die geleentheid om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

***Kwartaal 1, 2 & 3 Hersieningsmateriaal dek gesamentlik ALLE onderwerpe in die Gr 12 sillabus.***

# SUKSES IN REKENINGKUNDE

1. **KEN die formate of uitleg van die volgende:** *(vir die onderwerpe in hierdie gids)*
   - Kontantbegroting
   - Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste (Geprojekteerde Inkomstestaat)
   - BTW-kontrolerekening in die grootboek
2. **VERSTAAN en KEN:**
   - basiese Rekeningkundige begrippe, bv. inkomste, uitgawes, bates, laste, ens.
   - B-E-L-reëls
   - Basiese berekeninge, bv. rente op lening/belegging, waardevermindering, ens.
3. **Werk deur soveel <u>ou vraestelle</u> en ander hulpbronne (bv Telematiese-materiaal) as moontlik.** Doen die vrae oor en oor totdat jy verstaan presies wat die vraag vereis (selfs die vrae in hierdie gids)
4. Jou sukses in die finale eksamen sal afhang van hoeveel **EKSTRA tyd** jy in jou voorbereidingstyd insit.
5. Werk op jou **EIE** en altyd **TEEN TYD** om jou beskikbare eksamentyd goed te kan bestuur.
6. Werk met 'n PLAN! 'n **Studierooster** sal jou help om jou beskikbare tyd te organiseer en jy kan dan ook seker maak dat jy alle onderwerpe gedek het (sien die kontrolelys op bl. 4)
7. **Neem verantwoordelikheid vir jou EIE LEER, veral noudat kontaktyd met jou onderwyser beperk is. Net jy kan JOU tyd bestuur en dit wyslik gebruik. Jou onderwyser sal jou egter altyd ondersteun as jy goeie werksetiek toon en WIL werk om jouself te vebeter.**
8. **Gebruik altyd jou EIE sakrekenaar** om daaraan gewoond te raak. Dit mag jou nie in die eksamenlokaal in die steek laat nie.
9. In die onderwerpe in hierdie gids kan jy 'maklik' punte kry vir basiese kennis (veral Gr 11-kennis) en berekeninge (=, -, x, ÷) HERSIEN dus hierdie onderwerpe deeglik.
10. Die basiese begrippe en berekeninge (aangedui by elke onderwerp in hierdie materiaal) word verduidelik in jou handboek en in die **Gr 12 Hersieningspak.**

**Begrotings en BTW is albei VRAESTEL 2-onderwerpe**



# Toets jou kennis (Pre-Toets)

***(Kyk hoeveel jy weet voor en nadat jy deur die aktiwiteite in hierdie gids gewerk het)***

## BEGROTINGS

| | Skryf jou keuse neer, gekies uit die opsies tussen hakies gegee. | Antwoord |
|---|---|---|
| 1. | Die netto wins-voorspelling vir die volgende drie maande sal in die (kontantbegroting / geprojekteerde staat van omvattende inkomste) verskyn. | |
| 2. | Die rede vir die opstel van 'n kontantbegroting is om (interne beheer te verbeter / korttermyn kontantbehoeftes vooruit te skat) | |
| 3. | Huurinkomste vir die volgende 3 maande is begroot vir R8 000, waarvan R2 000 vooruitbetaal word. Die bedrag vir Huurinkomste in die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste sal (R6 000 / R2 000 / R8 000) wees. | |
| 4. | Kredietverkope sal in die kontantbegroting as (kontant van debiteure / Betalings aan krediteure) getoon word. | |
| 5. | (Oninbare skulde / Kontant van debiteure) sal in die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste getoon word. | |
| | | **(5)** |

## Berekeninge vir Begrotings

**Voorsien die formules vir die volgende: (bedrae hoef nie getoon te word nie):**

| | Berekening | Formule |
|---|---|---|
| 6. | Netto kontantsurplus in 'n begroting | |
| 7. | % winsgrens bereik | |
| 8. | Gemiddelde Debiteure-invorderingsperiode in dae | |
| 9. | Gemiddelde Krediteure-betalingsperiode in dae | |
| 10. | Vuurproefverhouding | |
| | | **(5 x 2)** **(10)** |

## BTW (Belasting op Toegevoegde waarde)

**WAAR / ONWAAR (Herskryf die ONWAAR stellings sodat dit waar sal word)**

| | Stelling | W/O | Korrekte stelling |
|---|---|---|---|
| 1. | Die Standaard BTW-koers in Suid-Afrika in 2020 is 16%. | | |
| 2. | Alle goedere en dienste is onderhewig aan die standaard BTW-koers. | | |
| 3. | 'n Besigheid met 'n omset van meer as R1 miljoen moet vir BTW registreer. | | |
| | | | **(3 x 2)** **6** |

**Voltooi die tabel deur 'n merkie in die korrekte kolom te maak.**

| Transaksie | BTW ingeskryf as | | Invloed op BTW betaalbaar aan SAID | |
|---|---|---|---|---|
| | Uitset -BTW | Inset BTW | Vermeerder | Verminder |
| 4. Verkope van goedere | | | | |
| 5. Aankoop van vaste bates | | | | |
| 6. Kleinkasbetalings | | | | |
| 7. Oninbare skulde ingevorder | | | | |
| | | | | **4** |

**[25]**

| 2024-ONDERWERPE KONTROLELYS | |
|---|---|
| **VRAESTEL 1** | ✓ |
| **MAATSKAPPYE**: Begrippe | |
| Unieke grootboekrekeninge | |
| Begrippe met betrekking tot AARP & IFRS | |
| Rekeningkundige vergelyking | |
| Handelsrekening; Wins-en-verliesrekening; Verdelingsrekening | |
| Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) | |
| Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) & Notas | |
| Kontantvloeistaat (met notas / berekeninge) | |
| Ontleding en vertolking van finansiële state (insl. finansiële aanwysers vir **Vraestel 1)** | |
| Ontleding en vertolking van gepubliseerde finansiële state | |
| Ouditverslae | |
| Etiese optrede en korporatiewe finansiële bestuur | |
| **VASTE BATES**: waardasie vir verslagdoenings-doeleindes in die fin. state, insluitend toevoegings, batevervreemdings en waardevermindering | |
| **VOORRAAD**: voorraadwaardasie vir verslagdoeningsdoeleindes (EIEU, Geweegde Gemid & Spesifieke Identifikasie) | |
| Professionele instellings en Gedragskode | |
| **Finansiële aanwysers vir VRAESTEL 1** | |
| Bruto wins op verkope; Bruto wins op koste van verkope; Netto wins op verkope; Bedryfsuitgawes op verkope; Bedryfswins op verkope; Bedryfskapitaalverhouding; Vuurproefverhouding; Voorraadomset-snelheid; Periode waarvoor genoeg voorraad voorhande is; Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode; Gemiddelde krediteure-betalingsperiode; Solvensieverhouding; Skuld-ekwiteitverhouding (geratheid); Opbrengs op aandeel-houersekwiteit; Opbrengs op totale kapitaal aangewend; Netto batewaarde per aandeel; Dividende per aandeel; Verdienste per aandeel; Dividenduitbetalingskoers | |
| **VRAESTEL 2** | |
| **REKONSILIASIES**: Ontleding en vertolking van: | |
| Bankversoening | |
| Debiteure-versoening (Ouderdomsontleding, debiteurelys vs debiteurekontrolerek.) | |
| Krediteure-versoening (Staat vs krediteurelys (KL) ; KL vs krediteurekontrole) | |
| **BTW:** Berekeninge van die bedrag betaalbaar aan / ontvangbaar van SAID | |
| **VERVAARDIGING:** Begrippe | |
| Produksiekostestaat met notas | |
| Verkorte Inkomstestaat met notas | |
| Ontleding en vertolking van koste-inligting & eenheidskostes<br>Gelybreekpunt en kontribusie per eenheid | |
| **BEGROTINGS:** Ontleding, vertolking en vergelyking van kontantbegrotings van eenmansake / maatskappye | |
| Ontleding, vertolking en vergelyking van geprojekteerde staat van omvattende inkomste van eenmansake / maatskappye | |
| **INTERNE BEHEER en OUDITPROSESSE** | |
| Bestuur van kontant | |
| Bestuur van vaste bates (beweging en gebruik) | |
| Debiteure & Krediteure (in terme van invordering / betaling en die impak op likiditeit) | |
| Inkomste & uitgawes (bedryfsdoeltreffendheid of winsgewendheid kan met begrotings gekombineer word) | |
| Finansiële aanwysers vir **Vraestel 2** | |
| **VASTE BATES**: Vertolking en opskryf van die beweging van vaste bates, insl. Waardevermindering en bateverkope / -vervreemding | |
| **VOORRAAD**: Deurlopende en periodieke stelsels; bevestiging, waardasie en berekeninge van voorraad | |
| Etiese optrede in die finansiële omgewing | |
| **Finansiële aanwysers vir VRAESTEL 2** | |
| Bruto wins op koste van verkope; Netto wins op verkope; Bedryfsuitgawes op verkope; Bedryfswins op verkope; Voorraadomsetsnelheid; Periode waarvoor genoeg voorraad voorhande is; Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode; Gemiddelde krediteure-betalingsperiode; GBP | |

# BEGROTINGS (Vraestel 2)

## KEN die volgende oor Begrotings

| | |
|---|---|
| **Basiese begrippe** | kontantbegroting \| kapitaalbegroting \| langtermynbegroting \| medium-termynbegroting \| begrotings-periode \| vaste voorraadbasis \| begrote vs werklike (aktuele) syfers \| inkomste vs kontantontvangste uitgawes vs kontantbetalings \| kontantoorskot (-surplus) \| kontanttekort \| bankoortrekking (oortrokke bank) \| geprojekteerde staat van omvattende inkomste (of -inkomstestaat) |
| **Berekeninge** | Kontant van debiteure \| debiteure-invorderingskedule \| betalings aan krediteure \| krediteure-betalingskedule \| % winsgrens om die koste van verkope te bepaal \| rente op lenings en/of vaste deposito's \| kapitaalbedrag van die vaste deposito (of lening) gebaseer op die % rente p.j. \| aankoopbedrag van 'n vaste bate-item vanaf die maandelikse waardevermindering |

## Eksamen-'wenke'

- Jy sal moontlik nie gevra word om 'n volledige begroting op te stel nie, maar jy sal nogtans sekere ontbrekende bedrae moet bereken wat jou kennis van die uitleg van 'n begroting toets sowel as jou basiese rekenkundige vaardighede (+, - , x, ÷ )
- Doen SLEGS die berekeninge wat gevra word - moenie gegewe bedrae 'bevraagteken' of 'toets' nie. Dit word soms juis so gegee dat jy nie nodige berekeninge kan 'raai' deur die vraag se bedrae te manipuleer nie.
- Dis nie altyd nodig om 'n debiteure-invorderingskedule of krediteure-betalingskedule te voltooi nie. Ken hierdie berekeninge om dit ook in rofwerk toe te pas.
- **NB**: Aankope = Koste van Verkope (kontant of krediet) indien die Aankope-bedrag nie gegee is nie.
- Enige tekorte (betalings is meer as ontvangste) moet tussen hakies (...) gegee word en moet van 'n positiewe banksaldo afgetrek word (of by 'n negatiewe banksaldo getel word).
- Een maand se eindsaldo is ALTYD die volgende maand se beginsaldo.
- 'n Kontantbegroting vir 'n eenmansaak OF 'n maatskappy kan gevra word. Die enigste verskil tussen hierdie begrotings is die items ingesluit, nl:
  **Maatskappybegrotings** beplan ook vir:
  - Ontvangste: uitreik van nuwe (nog) aandele
  - Betalings: terugkoop van aandele; dividenduitbetalings; direkteursfooie; ouditfooie

## Berekeninge

| | | |
|---|---|---|
| **Winsopslag %** | $\frac{\text{Verkope – Koste van verkope}}{\text{Koste van verkope}}$ X 100 | **Antwoord getoon in: …%** |
| **% Toename /Afname** | $\frac{\text{Nuwe bedrag – Ou bedrag}}{\text{Ou bedrag}}$ X 100 | **…%** |
| *Gegee:* Rente op lening: % p.j. en rente-bedrag *GEVRA:* **Leningsbedrag** | Rente-bedrag x $\frac{100}{\text{\% rente}}$ x 12 maande<br>NB: Gebruik dies. berekening vir 'n vaste deposito | **R ….** |

**<u>Items NIE in Kontantbegroting nie (Nie-kontant items)</u>**
Waardevermindering; Oninbare skulde; Korting toegestaan; Korting ontvang

**<u>Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste</u>**
Formaat van Geprojekteerde Inkomstestaat is dieselfde as 'n Inkomstestaat, maar sal kolomme per maand bevat.

**<u>Items nie in Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste nie</u>**
Aankoop van bates; Aankoop van voorraad; Ontvangste van debiteure; Betalings aan krediteure; Onttrekkings/Kapitaalbydrae; Uitreiking van nuwe aandele; Terugkoop van aandele

**<u>Interne beheer</u>**
- Vergelyk werklike met begrote bedrae. Moontlike probleme met uitgawes of inkomste moet geïdentifiseer kan word en aanbevelings moet gemaak kan word gebaseer op hierdie vergelykings/probleme.
- Dui aan of die uitgawe/inkomste deeglik beheer word of nie.

## AKTIWITEIT 1: Maatskappy-begroting, Debiteure-invordering & ontleding

**(35 punte; 25 minute)**

Asanda Bpk. is geregistreer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 750 000 gewone aandele.

### GEVRA:

1.1 **Verwys na Inligting A.**
Bereken die kontant wat verwag word om van debiteure gedurende November 2023 ontvang te word. Let daarop dat geen kortings toegestaan is nie en voorsiening vir oninbare skuld is van toepassing. (7)

1.2 **Verwys na Inligting B.**
Bereken die ontbrekende bedrae wat (a) tot (f) op die Kontantbegroting gemerk is. (20)

1.3 'n Jong aandeelhouer is van mening dat die maatskappy nie geld moet spandeer op personeelopleiding nie – hulle moet eerder reeds opgeleide personeel in diens neem.

1.3.1 Verduidelik waarom Asanda Bpk geld aan personeelopleiding spandeer. Gee EEN rede. (2)

1.3.2 Wat kan Asanda Bpk doen om te verseker dat hulle opgeleide personeel in hul diens behou? Gee EEN punt. (2)

1.4 Bestuur is gekritiseer oor hul advertensiebeleid wat nie effektief is nie. Lewer kommentaar deur TWEE aspekte te bespreek. (4)

### INLIGTING:

**A. Onvoltooide Debiteure-invorderingskedule vir die drie maande in 2023:**

| MAAND | Kredietverkope | September | Oktober | November |
|---|---|---|---|---|
| Julie | 106 000 | 12 720 | | |
| Augustus | 104 500 | 47 025 | 12 540 | |
| September | 93 000 | 37 200 | 41 850 | |
| Oktober | 102 000 | | 40 800 | |
| November | 111 600 | | | |
| **Totale invordering van debiteure** | | | **95 190** | |

**B.** Kontantverkope is 40% van totale verkope.

**C. Koste van verkope-bedrae:**

| September | Oktober | November |
|---|---|---|
| 96 875 | 106 250 | 116 250 |

**D.** Kontantaankope beloop 20% van die totale aankope. Voorraad verkoop in die maand word vervang in dieselfde maand (die onderneming handhaaf 'n basisvoorraad)

**E.** Krediteure by wie voorraad aangekoop word, word betaal in die maand wat volg op die aankope (30 dae) om voordeel te trek uit die 5% korting.

**F.** **Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die twee maande geëindig November 2023:**

| | Oktober | November |
|---|---|---|
| **Ontvangstes**<br>Kontantverkope | 68 000 | 74 400 |
| Kontant van debiteure | 95 190 | (1.1) |
| Huurinkomste | **(a)** | |
| Rente op belegging | | |
| Addisionele aandele | 513 000 | |
| **Totale ontvangstes** | | |
| **Betalings**<br>Kontantaankope van voorraad | 21 250 | **(b)** |
| Betaling aan krediteure | 73 625 | **(c)** |
| Salarisse en lone | 126 400 | 133 984 |
| Terugbetaling van lening | - | **(d)** |
| Rente op lening | 2 000 | 1 750 |
| Personeelopleidingsprogram | - | 18 000 |
| Advertensie | 7 140 | **(e)** |
| Gewone aandele dividende | - | **(f)** |
| Voertuig paaiement | 4 750 | 4 750 |
| Diverse uitgawes | | |
| **Totale betalings** | | |

**G.** Die huur verhoog met 7,5% op 1 November 2023.

**H.** Advertensie is ‘n vaste persentasie van die begrote kontantverkope.

**I.** On 1 September 2023, is 515 000 gewone aandele uitgereik. Addisionele aandele sal op 1 Oktober 2023 teen R5.40 per aandeel uitgereik word.
’n Tussentydse dividend van 15 sent per aandeel sal op 30 November 2023 betaal word. Die nuwe aandeelhouers sal vir tussentydse dividende kwalifiseer.

**J.** 'n Deel van die lening sal op 1 November 2023 terugbetaal word. Rente op lening teen 10% p.j. is op die laaste dag van elke maand betaalbaar. Rente op lening is nie gekapitaliseer nie.

**35**

**AKTIWITEIT 2: BEGROTING** NSS Nov 2019, Vr 6 **(40 punte; 25 minute)**

Die finansiële jaareinde van Carpets Galore (Edms.) Bpk. is 31 Oktober 2019. Thembi Tsomi is die alleenaandeelhouer en direkteur.

2.1 Dui bedrae in die toepaslike blokkies aan vir die Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat vir drie maande geëindig 31 Januarie 2020.

- 'n Drukker wat R40 800 kos, sal op 30 November 2019 kontant aangekoop word. Waardevermindering sal R680 per maand wees.
- R48 000 sal op 1 Januarie 2020 vir 'n 12 maande-versekeringskontrak betaal word.
- 'n Lening van R100 000 sal op 31 Desember 2019 vanaf Viva Bank ontvang word. Dit sal in gelyke paaiemente oor 20 maande betaal word, met aanvang 31 Januarie 2020. Rente teen 12% p.j. word maandeliks betaal en word nie gekapitaliseer nie. (11)

2.2 **Verwys na Inligting A: Debiteure-invorderingskedule.**
Thembi is besig om vooruitskattings voor te berei vir die tydperk wat op 1 November 2019 begin. Thembi staan nie korting vir vroeë betaling toe nie.

Bereken die % debiteure:

- Wat hulle rekeninge vereffen in die 2^de^ maand wat op die transaksiemaand van kredietverkope volg (3)
- Wat aan die einde van die 3^de^ maand wat op die transaksiemaand van kredietverkope volg, as oninbaar afgeskryf word (4)

2.3 **Verwys na Inligting B: Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste vir September en Oktober.**

2.3.1 Kantoorwerkers is ongelukkig oor die verhoging wat Thembi hulle op 1 Oktober 2019 gegee het. Verduidelik wat sy aan hulle moet sê. Verskaf TWEE punte. Haal syfers of 'n berekening aan. (6)

2.3.2 Thembi betaal haar seun, Jacob, om matte by klante af te lewer en te installeer. Sy begroot R2,80 per meter hiervoor. Lewer kommentaar op die beheer van hierdie uitgawe. Haal syfers of 'n berekening aan. (4)

2.3.3 'n Nuwe mededinger het op 1 September 2019 in die omgewing begin handel dryf.

- Verskaf syfers om die impak op verkope in September te illustreer. (2)
- Verduidelik DRIE besluite wat Thembi in Oktober geneem het in reaksie op die nuwe mededinger. Haal syfers of 'n berekening aan. (6)

2.3.4 Voorraad wat verkoop word, word in dieselfde maand vervang. 50% van die voorraad word op krediet gekoop. Krediteure word in die maand wat volg op die aankopemaand betaal om 'n 5%-korting te ontvang.

Bereken die **werklike** bedrag betaalbaar aan krediteure in November 2019. (4)

**INLIGTING:**

**A. Debiteure-invorderingskedule vir die tydperk geëindig 31 Januarie 2020:**

| | KREDIET-VERKOPE | INVORDERINGS | | |
|---|---|---|---|---|
| | | NOV. 2019 | DES. 2019 | JAN. 2020 |
| Augustus | R80 000 | R17 600 | | |
| September | 90 000 | 67 500 | R19 800 | |
| Oktober | 100 000 | | 75 000 | R22 000 |
| November | 120 000 | | | 90 000 |
| | | | **R94 800** | **R112 000** |

**B. Inligting uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste geïdentifiseer:**

| | SEPTEMBER 2019 | | OKTOBER 2019 | |
|---|---|---|---|---|
| | Geprojekteer | Werklik | Geprojekteer | Werklik |
| Meter verkoop | **5 000 m** | **3 800 m** | **5 000 m** | **6 000 m** |
| Verkoopprys per meter | R100 | R100 | R100 | R88 |
| Kosprys per meter | R60 | R60 | R60 | R60 |
| Verkope: kontant | R400 000 | R310 000 | R400 000 | R132 000 |
| : krediet | 90 000 | 70 000 | 100 000 | 396 000 |
| **Totale verkope** | 490 000 | 380 000 | 500 000 | 528 000 |
| **Koste van verkope** | (300 000) | (228 000) | (300 000) | (360 000) |
| Bruto wins | 190 000 | 152 000 | 200 000 | 168 000 |
| Direkteursfooie | 50 000 | 50 000 | 50 000 | 40 000 |
| Lone: Kantoorwerkers | 9 200 | 9 200 | 9 200 | 11 040 |
| Salaris: Verkoops-persoon | 20 000 | 20 000 | 20 000 | 0 |
| Kommissie: Verkoops-persoon | 0 | 0 | 0 | 52 800 |
| Advertensies | 5 000 | 5 000 | 5 000 | 5 000 |
| Verpakkingsmateriaal | 2 500 | 1 900 | 2 500 | 2 550 |
| Aflewering en installasie van matte | 14 000 | 14 000 | 14 000 | 16 800 |
| Personeelopleiding | 15 000 | 0 | 15 000 | 40 000 |

**40**

## AKTWITEIT 3: KONTANTBEGROTING (35 punte; 20 minute)

Jy word voorsien van 'n gedeeltelik voltooide Kontantbegroting van Madikwe Souvenirs Bpk.

**GEVRA:**

3.1 Identifiseer die volgende:
- Prys betaal per aandeel vir die terugkoop van aandele in Oktober.
- Banksaldo aan die einde van September. (3)

3.2 Bereken en lewer kommentaar op die persentasie verhoging wat die werknemers in Oktober sal ontvang. (6)

3.3 Bereken die syfers voorgestel deur A - C. (16)

3.4 Die eienaar is nie gelukkig met die huur nie. Hy beplan om die huur ooreenkoms te beëindig op 1 Oktober 2024 en die eiendom aan te koop.
- Hoe sou hy betaal vir die eiendom volgens die Kontantbegroting?
- Afgesien van besparing op huuruitgawe, verskaf TWEE voordele vir die aankoop van die eiendom.
- Verskaf TWEE nadele vir die aankoop van die eiendom. (10)

**INLIGTING:**

**A. MADIKWE SOUVENIRS BPK.**
**KONTANTBEGROTING VIR TWEE MAANDE WAT EINDIG 31 OKTOBER 2024**

| **KONTANTONTVANGSTE** | **September** | **Oktober** |
|---|---|---|
| Kontantverkope | **A** | 1 681 120 |
| Invorderings van debiteure | 787 500 | **B** |
| Verbandlening (1 Oktober 2016) | | 500 000 |
| Rente op vaste deposito | 3 000 | |
| Vaste deposito en rente | | 366 000 |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | **2 670 700** | **3 331 680** |
| **KONTANTBETALINGS** | | |
| Kontantaankope van voorraad | 948 000 | 900 600 |
| Betalings aan krediteure | 623 438 | **C** |
| Lone en salarisse | 322 500 | 341 850 |
| Direkteursfooie | 400 000 | 600 000 |
| Rente op lening | | 7 000 |
| Rente op oortrokke bank | | 5 400 |
| Bedryfsuitgawes | 487 500 | 487 500 |
| Huuruitgawe | 27 000 | |
| Grond en geboue (kosprys) | | 910 000 |
| Belasting op eiendom | | 1 520 |
| Advertensies | 110 600 | 168 112 |
| Terugkoop van aandele - sien Info B (i) | | 52 000 |
| **TOTALE BETALINGS** | **2 919 038** | **4 074 382** |
| Surplus (tekort) | **?** | (742 702) |
| Banksaldo aan begin van die maand | **86 525** | (161 813) |
| **Banksaldo aan einde van die maand** | **?** | **?** |

**B. Bykomende inligting:**

(i) 'n Aandeelhouer met 10 000 aandele, het finansiële probleme. Die direkteure het ingestem om sy aandele terug te koop in Oktober. Die gemiddelde uitgifteprys is R5,00.

(ii) Die winsopslag is 70%.

(iii) Verkoopsyfers:

| | Kontantverkope | Kredietverkope |
|---|---|---|
| **Julie** | R1 968 750 | R843 750 |
| **Augustus** | 1 837 500 | 787 500 |
| **September** | ? | 805 800 |
| **Oktober** | 1 681 120 | ? |

(iv) 30% van verkope is op krediet.

(v) Debiteure word soos volg ingevorder:
- 70% in die maand na die verkoopstransaksie.
- 28% in die tweede maand ná die verkooptransaksie.
- 2% sal as oninbaar afgeskryf word.

(vi) Voorraad word vervang in dieselfde maand wat dit verkoop word.

(vii) 60% van voorraad aankope is vir kontant.

(viii) Krediteure word binne 30 dae (in die maand ná die transaksie) betaal ten einde 5% afslag te ontvang.

**35**

## AKTIWITEIT 4: PROPLEEMOPLOSSING (21 punte; 15 minute)

Jabu het 'n kuns- en handwerkwinkel net buite Stellenbosch naby 'n bekende wynplaas wat baie oorsese en plaaslike besoekers lok. Sy spesialiseer in handgemaakte Afrika-kuns en handwerk produkte. Hulle bied ook tradisionele dansvertonings aan vir 'n ekstra inkomste.

**GEVRA:**

Jabu het jou genader vir advies want sy glo haar begroting is billik en realisties. Bestudeer die inligting en begroting hieronder en beantwoord die vrae:

4.1 Dink jy dat die werkers rede het tot ontevredenheid? Bespreek en verwys na TWEE bedrae in jou verduideliking. (9)

4.2 Verduidelik aan Jabu watter gedeeltes van die begroting na jou mening vir die boekhouer rede tot kommer gee. Bespreek TWEE aspekte. Haal syfers aan. (6)

4.3 Gee aan Jabu raad oor wat sy kan doen om die situasie te verbeter. Bespreek TWEE maatreëls. (6)

**INLIGTING**

**A.** Jabu het 40 werkers uit die omliggende distrik in diens wat betrokke is by die maak van die kunsitems op die perseel. Sy het onlangs 'n kontrak met verspreiders in Engeland en Duitsland geteken wat 'n verwagte verhoging van 50% in haar omset sal beteken.

Jabu het 'n begroting vir die volgende jaar opgestel, gebaseer op die afgelope finansiële jaar se syfers en die verwagte verhoging in die omset.

Haar werkers is egter baie ongelukkig met die begroting en het gedreig om op te hou werk. Haar boekhouer, Randy, het ook aangedui dat die begroting nie op gesonde finansiële besluite berus nie.

**B.** **JABU se KUNSWINKEL**
**KONTANTBEGROTING VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2023**

| **KONTANTONTVANGSTE** | **Werklike bedrae (2022)** | **Begrote bedrae (2023)** |
|---|---|---|
| Kontantverkope | 1 000 000 | 700 000 |
| Kredietverkope | 100 000 | 950 000 |
| Lening van SFW | | 600 000 |
| Fooi-inkomste uit kulturele dansvertonings | 200 000 | 240 000 |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | **1 300 000** | **2 490 000** |
| **KONTANTBEGROTINGS** | | |
| Lone vir werkers | 480 000 | 518 400 |
| Salaris - bestuurder | 120 000 | 150 000 |
| Onttrekkings | 288 000 | 576 000 |
| Materiale vir vervaardiging van kunsitems | 140 000 | 224 000 |
| Lening-terugbetaling | | 30 000 |
| Rente op lening | | 90 000 |
| Diverse uitgawes | 185 000 | 222 000 |
| **TOTALE BETALINGS** | **1213 000** | **1 810 000** |
| Surplus (Tekort) | 87 000 | 679 600 |
| Bank - beginsaldo | 25 000 | 112 000 |
| **Bank - eindsaldo** | **112 000** | **791 600** |

**21**

# BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (Vraestel 2)

## Ken die volgende oor BTW

| | |
|---|---|
| **Basiese begrippe** | Verpligte vs vrywillige registrasie \| standaard BTW-koers (15%) \| nulkoers items \| vrygestelde items uitset BTW \| inset BTW \| BTW-kontrolerekening \| BTW-inklusiewe bedrae \| BTW-eksklusiewe bedrae \| SAID |
| **Berekeninge** | BTW betaalbaar aan / verskuldig deur SAID \| BTW ontvangbaar van / verskuldig deur SAID |

**Berekeninge** *(Alle antwoorde in **Rand**)*

| | |
|---|---|
| BTW betaalbaar aan SAID | Uitset BTW – Inset BTW |
| BTW ontvangbaar van SAID | Inset BTW - Uitset BTW |
| BTW-eksklusief | Totaal x $\frac{15}{100}$ |
| BTW-inklusief | Totaal x $\frac{15}{115}$ |

## Opsomming van BTW inset / uitset transaksies

| | **Vermeerder (+)/Verminder (-) die BTW-bedrag aan/van SAID** |
|---|---|
| Beginsaldo van BTW-kontrolerek. (Uitset BTW) Krediet | + |
| OF Beginsaldo van BTW-kontrolerek (Inset BTW) Debiet | - |
| **Uitset BTW op...:** | |
| Verkope (kontant en krediet) | + |
| Dienste gelewer aan klante (Fooi-inkomste) | + |
| Onttrekkings deur eienaar *(kan ook as 'n vermindering van Inset BTW gewys word)* | + |
| Goedere/voorraad aan krediteure/verskaffers teruggestuur (krediteure-afslag) | + |
| Korting ontvang (van krediteure) | + |
| Oninbare skulde ingevorder | + |
| **Inset BTW op ...:** | |
| Aankope van goedere/voorraad/bates (kontant en krediet) | - |
| Dienste uitgawes (bv. water, eletrisiteit, ens) | - |
| Goedere/voorraad deur debiteure teruggestuur (debiteure-afslag) | - |
| Korting toegestaan (aan debiteure) | - |
| Oninbare skulde afgeskryf | - |

**AKTIWITEIT 1: BTW** **(21 punte; 15 minute)**

Alba Verskaffers dryf handel in musiektoerusting. Hulle is ‘n geregistreerde BTW-onderneming. Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel. Goedere gekoop en verkoop is onderhewig aan **15%** BTW.

**GEVRA**

1.1 Bereken die geweegde gemiddelde waarde per musiekstelsel vir die jaar geëindig 30 April 2024. (rond af tot die naaste rand) (5)

1.2 Bereken die Koste van Verkope vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2024. (5)

1.3 Bereken die Bruto Wins vir die jaar geëindig 30 April 2024. (4)

1.4 Bereken die BTW betaalbaar of ontvangbaar vir die periode Maart en April 2024. Dui aan of die BTW ontvangbaar of betaalbaar is op 30 April 2024. (7)

**INLIGTING**

**A Voorraadsaldo's:**

| Datum | Aantal eenhede | Prys per eenheid | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1 Mei 2023 | 27 | R1 900 | R51 300 |
| 30 April 2024 | ? | ? | ? |

**B Voorraadaankope:**

| Datum | Aantal eenhede | Prys per eenheid | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1 Jun 2023 | 29 | R2 000 | R58 000 |
| 6 Sep 2023 | 25 | R2 225 | R55 625 |
| 14 Nov 2023 | 15 | R2 350 | R35 250 |
| 2 Jan 2024 | 21 | R2 400 | R50 400 |
| 17 April 2024 | 30 | R2 460 | R73 800 |
| **TOTAAL** | **120** | | **R273 075** |

- Alle aangetekende pryse vir aankope van voorraad is BTW van 15% uitgesluit.
- As gevolg van doeltreffende sekuriteit, was daar geen vermiste/verlore eenhede.

**C Verkope:**

- 115 musiekstelsels was gedurende die jaar verkoop.
- Totale Verkope vir die jaar beloop R334 236 (BTW ingesluit).

**D BTW inligting vir Maart en April 2019:**

- Op 1 Maart 2024 het die BTW-Kontrole rekening 'n kredietsaldo van R5 800 gehad.
- Verkope vir Maart en April 2024 was R64 400 (BTW ingesluit).
- Aankope van voorraad gedurende April was BTW uitgesluit.
- BTW op ander aankope vir Maart en April waarvoor hulle BTW mag terugeis, beloop R2 100.

**21**

## AKTIWITEIT 2: BTW (12 punte; 15 minute)

Mandla Handelaars is 'n geregistreerde BTW onderneming. Alle items is onderhewig aan 15% BTW. Die inligting het betrekking op die BTW-periode geëindig op 30 Junie 2024.

2.1 Bereken die bedrag BTW ontvangbaar van OF betaalbaar aan die SAID op 30 Junie 2024. Dui aan of die bedrag *ontvangbaar of betaalbaar* is. (10)

2.2. Die eienaar wil die BTW-bedrag op oninbare skulde verander van R900 tot R6 000. Gee EEN rede waarom jy nie met hom saamstem nie. (2)

**INLIGTING:**

| | | R |
|---|---|---|
| A | Verskuldig deur die SAID op 1 Junie 2024 | 33 600 |
| B | Aankope van handelsvoorraad (BTW eksklusief) | 1 625 000 |
| C | Kontant en kredietverkope (BTW ingesluit) | 2 415 000 |
| D | BTW op korting ontvang vanaf verskaffers | 1 200 |

## AKTIWITEIT 3: BTW en ontleding (16 punte; 12 minute)

Die inligting het betrekking op Nkosi Winkels vir die BTW-periode geëindig 30 Junie 2024 (twee maande). Die BTW-koers van 15% word toegepas.

**GEVRA:**

3.1 Neem die foute en weglatings in ag en bereken die BTW-bedrag wat die besigheid moet betaal of ontvang. Dui aan of die bedrag *ontvangbaar of betaalbaar* is. (12)

3.2 Die interne ouditeur het uitgevind dat Nkosi nie die volle BTW-bedrag aan die SAID oorbetaal nie, maar eerder die geld gebruik om die besigheid se uitgawes te betaal. Watter raad sal jy aan Nkosi gee oor hierdie praktyk? Verskaf TWEE punte. (4)

**INLIGTING:**

**A** Bedrag verskuldig op 1 Junie 2024, soos per BTW-kontrolerekening, R7 665.

**B** **BTW-bedrae geneem uit die joernale:**

| | |
|---|---|
| BTW op goedere verkoop (kontant en krediet) | R37 500 |
| BTW op handelsvoorraad aangekoop | 21 000 |
| BTW op terugsendings van debiteure | 750 |
| BTW op goedere deur die eienaar vir persoonlike gebruik geneem | 480 |
| BTW op debiteure se rekeninge afgeskryf | 915 |

**C** **Foute en weglatings aangedui:**

- Verkope (BTW inklusief) gedurende die periode het R270 250 beloop. Die BTW bedrag hierbo is foutief bereken.
- Die BTW op kortings ontvang van krediteure, R870, is nie in die besigheid se boeke aangeteken nie.
- 'n Faktuur van R1 800 (BTW eksklusief) vir skryfbehoeftes op krediet aangekoop is nie in die toepaslike joernaal aangeteken nie.

